

Maart 2024

KRUGERWILDTUIN EN PANORAMAROETE

5 – 11 Junie 2024

NADERE BESONDERHEDE

PRYS: R19 870 per persoon wat deel en ongeveer R400 per persoon vir foonitjies

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Luukse busvervoer van O.R. Tambo/Pretoria na Malelane, die Krugerwildtuin en die Panoramaroete en terug na O.R. Tambo
- Drie nagte in die Krugerwildtuin en geleentheid om wild te soek en die besondere atmosfeer van die Wildtuin te beleef!
- Twee nagte in die mooiste omgewing van Mpumalanga en geleentheid om van die hoogtepunte te sien soos die Drie Rondawels, *God's Window* en die kolkgate by Bourke's Luck
- 'n Ervare Suid-Afrikaanse toerleier vergesel die groep

UITGESLUIT BY DIE TOERPRYS

- Binnelandse vlugte na en van O.R. Tambo
- Foonitjies vir busbestuurder en hotelpersoneel. U betaal dit vooraf sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die foonitjies beloop ongeveer **R400**
- Reisversekering, wat kansellasiedekking insluit, waarvoor u later volledige besonderhede sal ontvang
- Ligte middagetes (sien program)
- Bybetaling vir enkel-akkommodasie (indien van toepassing): R6 000
- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings

INSKRYWING

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito **tesame** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u **volle name soos dit in u ID verskyn!**

TOERDEPOSITO

Die toerdeposito van **R2 000 per persoon** is met inskrywing betaalbaar. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (foonitjies, versekering, ens.) vir die toer moet vóór 5 April 2024 betaal word. Indien u ná 5 April inskryf, moet u die volle toerprys betaal sodra u die omsendbrief met die Verdelingsvorm (rekening) kry.

WYSE VAN BETALING

- **Bankdeposito/EFT:** Word d.m.v. 'n bankdeposito of elektroniese oorplasing aan CvW-Toere gemaak.
- **Kontantbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

Bankbesonderhede:**Christine van Wyk-Toere****Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / *Current account*)Takkode: **051001**Tjekrekeningnummer: **410 722 782****NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings** (nie die toer se naam / u noemnaam nie).**KANSELLASIE**

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes:

Die toerdeposito is ongelukkig nie terugbetaalbaar nie.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u – indien u moet kanselleer – u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasië kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word aan almal wat inskryf, gestuur.

OMSENBRIEWENadat ons u inskrywing ontvang het, sal ons d.m.v. e-posomselembriewe met u kommunikeer, onder andere in verband met klere wat u moet saamneem, inligting oor versekering, finale betaling van die toerprys, vertrekreëlings, ens. ***Laat weet ons asseblief skriftelik indien enige van u kontakinligting soos adres, e-posadres of telefoonnummer(s) verander het.*****GESONDHEID EN TOERFIKSHEID**

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heelyd van medetoerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.